# JESUS HORISONTAAL 2 – Bemoedig Mekaar

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Wie sou jy sê is die persoon wat jou al die meeste bemoedig het of die meeste in jou lewe ingespreek het? Watter verskil het daardie persoon se bemoediging in jou lewe gemaak?**

**Watter uitwerking het moedeloosheid al in jou lewe gehad? Kan jy vertel van 'n situasie wat jou mismoedig gemaak het?**

**Hoe het jou emosies rondom daardie situasie verander? Watter faktore of mense het dit verander?**

**Hoekom dink jy is ons as mens so geneig dat ons omstandighede, ons geluk en emosionele toestand bepaal?**

**Jesus het gesê ons moet ons vrede in Hom vind (Johannes 16:33). Hoe dink jy lyk dit prakties?**

**Lees deur 2 Korintiërs 1:3-10 en beantwoord die volgende vrae:**

**Wat dink jy oor die feit dat die apostel Paulus so mismoedig was in hierdie gedeelte?**

---

---

**Lees Romeine 15:5. Hoe pas dit wat Paulus in Romeine sê aan by hierdie gedeelte?**

---

---

**Daar is twee woorde wat die heeltyd saamloop in hierdie gedeelte – moeilikheid en bemoediging. Soms is ons fokus meer op die een as op die ander een afhangend van ons omstandighede. Hoekom dink jy is dit so? Stem jy daarmee saam?**

---

---

**Lees weer vers 8. Hoekom dink jy sê mense God sal nie dinge oor jou pad bring wat jy nie kan hanteer nie? Stem dit ooreen met wat Paulus hier sê? Hoe dink jy daaroor?**

---

---

**Lees 2 Korintiërs 10:13. Ons moet mooi onderskei dat hierdie gedeelte praat oor versoekings en nie omstandighede nie.**

---

---

**Lees vers 9. Wat het Paulus geleer in sy moeilike omstandighede?**

---

---

**Lees vers 10 in verskeie vertalings. Die vers sê God HET ons gered, is BESIG om ons te red en SAL ons red. Watter invloed kan dit hê om aan hierdie belofte vas te hou in moeilike omstandighede?**

---

---

**Lees 2 Korintiërs 1:21. Hoe sal jy hierdie vers in jou eie woorde opsom?**

---

---

**Wie kan jy hierdie week bemoedig met die liefde van God? Hoe gaan jy dit doen?**

---

---

**Vir watter persoon kan jy bedank vir hulle bemoediging in jou lewe en die verskil wat dit gemaak het? Hoe gaan jy dit doen?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**